

Babilon se oordeel



SABBATMIDDAG

Leesverwysings vir hierdie week se studie:

Openbaring 17:1–18; Jeremia 51:13; Openbaring 13:1–10; Eksodus 28:2:20–23; 13:5–8.

Geheueteks:

“En ek het ‘n ander stem uit die hemel hoor sê: Gaan uit haar uit, my volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plaë ontvang nie. Want haar sondes reik tot aan die hemel, en God het haar ongeregtighede onthou’” (*Openbaring 18:4, 5*).

Ons het gesien dat die sesde plaag die simboliese opdroog van die Eufraatrivier veroorsaak, deurdat die ontnugterde mense in die wêreld hulle verkose ondersteuning aan eindtyd-Babilon onttrek. Haar val sal egter met uitgebreide duiwelse aktiwiteite saamgaan wat die werk van God deur wonderwerkende tekens sal namaak. Die mees duidelike teken sal vuur wat uit die hemel neerdaal, wees wat heelwaarskynlik valslik as ‘n godsdienstige ontwaking vertolk sal word (*Openbaring 13:13*). Die duiwelse aktiwiteit sal sukses behaal deur die hele wêreld te verenig en te laat voorberei vir die oorlog van Armageddon teen God se getroue oorblyfsel. Aan die begin van die finale oorlog vind daar ‘n groot aardbewing plaas wat deel vorm van die sewende plaag. As gevolg van die aardbewing verbreek die eenheid van Babilon en word dit in drie dele verdeel (*Openbaring 16:18, 19*). Eindtyd-Babilon word as ‘n stad uitgebeeld, en weerspieël die korttermynbondgenootskap tussen die sataniese drie-eenheid (die draak, die seedier en die dier uit die aarde) en die godsdienstige magte van die wêreld, wat teen God se volk oorlog maak. Hierdie eenheid word vernietig en veroorsaak die val van eindtyd-Babilon. Ons moet in gedagte hou dat Openbaring 16:19 kondig net die val van eindtyd-Babilon aan. Hoofstukke 17–18 vertel ons hoe hierdie val eintlik gaan gebeur. Voordat die vernietiging van Babilon en die redes vir haar val beskryf word (*Openbaring 17:12–18:24*), beskryf Openbaring 17 die sisteem van hierdie eindtyd-afvallige godsdienstselsel, hierdie keer as ‘n prostituee wat op die dier ry en saam met haar dogters die wêreld teen God verlei (*Openbaring 17:1–11*).

*Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 23 Maart.

Babilon, die prostituut

Lees Openbaring 17:1. Jeremia 51:13 dui aan dat die “baie waters” waarop Babilon sit, die Eufraatrivier is. Wat, volgens Openbaring 17:15, word deur baie waters gesimboliseer?

‘n Vrou in die Bybel is ‘n simbool vir God se volk. In Openbaring word God se ware kerk as ‘n rein vrou voorgestel (*Openbaring 12:1, 22:17*). ‘n Prostituut verteenwoordig dus ‘n afvallige en ontroue volk. In Openbaring 17:5 word hierdie prostituut die groot Babilon genoem. Net soos antieke Babilon van die Eufraatrivier vir sy bestaan afhanklik was, so sal eindtyd-Babilon van die ondersteuning van die massas mense afhanklik wees om sy planne af te dwing.

Lees Openbaring 17:2 saam met Openbaring 14:8 en Openbaring 18:2,3. Watter twee groepe mense wat in onwettige verhoudings betrokke is en deur eindtyd-Babilon verlei word, word hier gespesifiseer?

Die eerste groep is die konings van die aarde, die regerende politieke magte. Hulle word uitgebeeld as iemand wat in ‘n owerspelige verhouding met die prostituut, Babilon, betrokke is. In die Ou Testament word die begrip owerspel dikwels gebruik om antieke Israel se afvalligheid en afgodsaanbidding te beskryf (*Jesaja 1:21, Jeremia 3:1–10*). Die owerspelige verhouding tussen die konings van die aarde en die prostituut simboliseer ‘n ongeoorloofde verbintenis tussen eindtyd-Babilon en die regerende politieke magte.

Die tweede groep wat ‘n owerspelige verhouding met die prostituut, Babilon, het, is die aardbewoners, die massas wat regeer word. Hulle word met die wyn van Babilon se owerspeligheid geestelik dronk gemaak. In teenstelling met die regerende politieke magte word die gewone mense deur Babilon se misleidende leringe en praktyke dronk gemaak, en dink dan verkeerdlik dat sy hulle kan beskerm. Wanneer mense dronk is, dink hulle nie nugter nie en word dan makliker beheer (*sien Jesaja 28:7*). Die hele wêreld, behalwe die getroue oorblyfsel, sal verlei word.

Op die ou einde, net soos dit huidiglik is en nog altyd die geval was, sal die massas verkeerd verstaan. Wat behoort dit aan ons te sê oor hoe gevaarlik dit is om dit wat populêr is, aan te hang, maak nie saak hoe populêr dit is nie?

Die prostituut wat op die dier ry

Lees Openbaring 17:3. Alhoewel daar vroeër aan Johannes gesê was dat die prostituut op baie waters sit, sien hy hier hoe sy op 'n dier ry. Op watter toepaslike maniere beskryf die simbole, water en dier, die aanhangers van Babilon?

Terwyl Johannes in 'n visioen na die woestyn weggevoer word, sien hy hierdie keer 'n vrou op 'n skarlakenrooi dier, en nie op baie waters nie. Terwyl die prostituut 'n godsdienstige mag verteenwoordig, simboliseer die dier 'n politieke mag. Die voorstelling van godsdiens wat op die sekulêre en politieke magte “ry”, dui op twee afsonderlike magte, iets wat nie die geval in die verlede was nie, toe godsdiens en politiek geïntegreer was. Hierdie profesie toon egter dat hierdie twee aan die einde van tyd weer saamgevoeg sal word. Die konsep van die dier waarop daar gery word, dui oorheersing aan; dit toon dat die eindtyd godsdienssisteem die sekulêre en politieke magte sal beheer.

Watter van die kenmerke van die prostituut verwys na die draak, die seedier, en die dier wat uit die aarde opkom in Openbaring 12 en 13?

Die prostituut word voorgestel as buitensporig bekleed met purper en skarlaken en versier met goud en kosbare stene en pèrels; dit was die prostitute in antieke tye se praktyk om sodoende hulle mag van verleiding te verbeter (*Jeremia 4:30*). Skarlaken, wat die kleur van bloed voorstel, dui op die onderdrukkende kenmerk van hierdie godsdienssisteem. Die prostituut se klere laat jou ook dink aan die klere van die hoëpriester in die Ou Testament, wat met kleure van purper, skarlaken en goud versier was (*Eksodus 28:5, 6*). Die inskripsie op haar voorhoof is 'n namaaksel van die priesterlike inskripsie, “HEILIG AAN DIE HERE “ op die tulband van die hoëpriester (*Eksodus 28:36–38*). Die beker in haar hand is 'n namaaksel van die drankoffer in die heiligdom (*Eksodus 30:9*). Deur haar historiese godsdienstige voorkoms, word hierdie eindtyd godsdienssisteem 'n kragtige werktuig om die wêreld van God af weg te lok. Maar, ongeag haar voorkoms, is hierdie godsdienssisteem 'n prostituut en die “moeder van die hoere”. Die prostituut Babilon word verder as dronk “van die bloed van die heiliges en van die bloed van die getuies van Jesus”, beskryf. Dit verbind eindtyd-Babilon met die middeleeue se afvallige Christendom van Wes-Europa, wat deur die pousdom gelei was en wat vir die dood van miljoene Christene wat aan die evangelie getrou gebly het, verantwoordelik was.

Die beskrywing van die prostituut Babilon weerspieël die beeld van Isébel in die kerk van Thiatíre (*sien Openbaring 2:20–23*). Hoe verduidelik die ooreenkomste tussen hierdie twee vroue die karakter van eindtyd-Babilon?

Die dier word geïdentifiseer

In Openbaring 17:6, 7, lees ons dat Johannes verbaas was toe hy die prostituut gesien het, heelwaarskynlik omdat hy sekere ooreenkomste tussen haar en die seedier van Openbaring 13 wat oorlog met God se volk gemaak het en hulle oorwin het, herken het (*Openbaring 13:5–7*). Hierdie vervolging het veroorsaak dat die vrou na die woestyn gevlug het vir die 1,260-jaar periode gedurende die Middeleeue (*Openbaring 12:13, 14*). Alhoewel dit nou die tydperk van ekumenisiteit is, sal Protestante daarby baat vind om die verskriklike vervolging van die verlede te onthou, omdat volgens profesie iets soortgelyks, net erger, weer gaan gebeur.

Lees Openbaring 17:8. Vergelyk die bewoording van hierdie vers met Openbaring 13:8. Hoe verklaar Openbaring 13:3 die drie fases van die bestaan en aktiwiteite van die dier?

Die skarlakenrooi dier word geïdentifiseer as die een wat was, nie is nie, en wat uit die afgrond opkom en na die verderf sal vaar. Hierdie drieledige frase is eerstens ‘n namaaksel van die Goddelike naam, Yahweh – “wat is en wat was en wat kom” (*Openbaring 1:4; sien ook Openbaring 4:8*). Dit verwys ook na die drie bestaansfasies van die dier:

- (1) Die dier “was,” d.i. die bestaan daarvan in die verlede. Dit verwys na die aktiwiteite van die dier gedurende die profetiese 1,260 dae periode (*sien Openbaring 13:5*).
- (2) “is nie.” Na sy dodelike wond in 1798 (*sien Openbaring 13:3*) was die dier in sy nie-bestaansfase, ten minste as vervolger. Hy het ‘n tydlang van die wêreldtoneel af verdwyn; maar het oorleef.
- (3) Maar uiteindelik, wanneer sy dodelike wond herstel het, sal die dier met sataniese woede weer herleef.

Openbaring 17 beskryf die dier van Openbaring 13:1–8 nadat sy wond genees is. Op hierdie verrese dier sit nou ook die prostituut Babilon. Weer sal daar ‘n kortstondige vereniging van godsdiens en politiek wees soos dit gedurende die Middeleeue was, en vervolging sal weer plaasvind.

“Laat teenstand, dwepsug en onverdraagsaamheid maar weer hulle koppe uitsteek, laat die vuur van vervolging weer aangesteek word en die halfhartige huigelaars sal wankel en hulle geloof versaak; maar die opregte Christen sal so onwrikbaar soos ‘n rots staan. Sy geloof sal sterker en sy hoop heerliker wees as in die dae van voorspoed.” — Ellen G. White, *Die Groot Stryd*, bl. 602. Watter waarskuwing behoort ons uit hierdie woorde te neem oor wat ons Christelike ondervinding nou behoort te wees, selfs voordat die finale gebeure ontplooi?

Die sewe koppe van die dier

Lees Openbaring 17:9–11 saam met Openbaring 13:18. ‘n Wyse verstand word vereis om die sewe koppe se betekenis te verstaan. Watter tipe wysheid word hierna verwys? Hoe verkry ‘n mens hierdie Goddelike toebedeelde wysheid (sien Jakobus 1:5)?

Die engel verduidelik dat die sewe koppe sewe berge is. Sommige vertalers dink dat dit op die sewe heuwels waarop die stad Rome geleë is, sinspeel, en dit is hoekom hulle die Griekse woord *oroi* (“berge”) as “heuwels” vertaal. Daar is ook sewe konings wat deur hierdie sewe berge gesimboliseer word. Die berge bestaan ook nie almal gelyktydig nie, maar volg opmekaar.

Hierdie berge simboliseer nie individuele konings nie, want Openbaring spreek nie individuele persone aan nie, maar sisteme. In die Bybel simboliseer berge dikwels wêreldmagte of ryke (*Jeremia 51:25; Eségiël 35:2, 3*). In Bybelse profesieë beteken “konings”, koninkryke (*sien Daniël 2:37–39, 7:17*). Die sewe berge verteenwoordig dus sewe groot opeenvolgende ryke wat die wêreld dwarsdeur die geskiedenis domineer, en waardeur Satan teen God werk en sy volk skade aandoen.

Vanuit Johannes se perspektief van tyd het vyf van hierdie ryke reeds geval, een is, en die ander moet nog kom. Die vyf wat geval het, is die groot koninkryke wat in die Ou Testamentiese tye God se volk gedomineer het en soms kwaad aangedoen het: Egipte, Assirië, Babilon, Persië, en Griekeland. Die “een is” koninkryk was die Romeinse Ryk in Johannes se tyd.

Die sewende koninkryk wat “nog nie gekom [het] nie” is die dier van Openbaring 13 — die Middeleeuse kerk wat deur die pousdom geleë was, en wat God se volk gedomineer en kwaad aangedoen het — wat ná Johannes se tyd en ná die val van die heidense Romeinse Ryk, sou kom. Die geskiedenis het die waarheid van hierdie profesie wat eeue voor die ontplooiing van hierdie gebeure voorspel was, kragtig bevestig. Johannes word verder vertel dat die skarlakenrooi dier in die fase van die agtste kop is, alhoewel dit een van die sewe is. Watter een van die sewe? Omdat die koppe volgens tydsverloop opeenvolgend voorkom, is die agtste bes moontlik die sewende kop wat ‘n dodelike wond ontvang het. Dit is gedurende die tyd van hierdie agtste kop wat die skarlakenrooi dier die prostituut Babilon dra. Ons leef vandag in die tyd wat die dodelike wond besig is om te genees. Die agtste kop sal na vore tree net voor die einde, en dan na die verderf gaan.

Die val van Babilon

Lees Openbaring 17:12–15 saam met Openbaring 16:12–16. Wat leer die teksvers oor die “tien konings” jou?

Die identiteit van die tien konings was al op verskillende maniere vertolk. En Openbaring sê nie wie hulle is nie. Al wat ons van die teksvers kan aflei, is dat hulle ‘n kortstondige politieke bondgenootskap is wat net voor die einde op die toneel verskyn, en die prostituut ondersteun. Die aantal konings dui al die wêreldmagte aan wat aan die dier onderdanig sal wees.

Openbaring 17:13, 14 herhaal die oorlog van Armageddon in ‘n neutedop - aanvanklik in Openbaring 12:12–17 genoem. Oorgehaal deur die sataniese drie-eenheid, sal die wêreldwye politieke bondgenootskap teen die Lam oorlog maak. Dit dui daarop dat die finale oorlog nie ‘n militêre oorlog in die Midde-Ooste sal wees nie, maar ‘n oorlog tussen Satan en sy bondgenote, en Christus en sy getroue volgelinge.

Lees Openbaring 17:16–18. Hoekom verander die tien konings se gesindheid teenoor Babilon volgens Openbaring 16:2–12? Wie is die oorsaak van wat met Babilon gebeur?

Hierdie hele toneel is ‘n ander beskrywing van die opdroog van die Eufraatrivier (*Openbaring 16:12*). Die tien horings, gevul met haat, draai skielik teen Babilon die prostituut, en laat haar verlate en naak; hulle sal haar vlees eet en haar met vuur verbrand. In sy beskrywing van hierdie toneel, gebruik Johannes Ou Testamentiese taal wat God se oordele teen die owerspelige Jerusalem uitbeeld (*Jeremia 4:30*). Om met vuur verbrand te word, was die straf vir ‘n dogter van die hoëpriester wat in prostitusie betrokke geraak het (*Levitikus 21:9*). Volgens Openbaring 16:10–12 was die misleide politieke magte ontnugter omdat Babilon magteloos was om hulle teen die plaë te beskerm. Hulle voel dat hulle bedrieg is en in hulle vyandigheid val hulle haar aan. Hierdie afvallige eindtyd-godsdienssisteem saam met almal wat gekies het om hulle met haar te identifiseer, ondervind nou die volle Goddelike oordeel.

Daar is nog baie vrae oor die eindtydgebeure wat onbeantwoord is, en wat ons nou dus kan verwar. Watter spesifieke belofte word in Openbaring 17:14 gegee, en wat behoort hierdie belofte vir ons te beteken?

Vir verdere studie:

Voordat Babilon val, sê ‘n stem dringend uit die hemel aan God se volk wat nog in Babilon is “ ‘Gaan uit haar uit, my volk’ ” (*Openbaring 18:4*,). Daar is baie wat God aanbid wat, weens verskeie redes, nog steeds in Babilon is. Om hulle te bereik, gebruik God sy eindtydkerk om hulle uit die afvallige godsdienstsisteem te roep om nie deel te neem aan die sondes van hierdie sisteem nie. Hulle moet uitkom om sodoende haar lot vry te spring. God wil nie hê dat enigeen in Babilon moet omkom nie. Openbaring 19:1–10 toon dat baie Godvresende mense in Babilon op hierdie oproep sal reageer. Dink na oor die geweldige verantwoordelikheid wat op ons as God se oorblyfselkerk, rus. Wat behoort dit aan ons te sê oor hoe nodig ons God se krag in ons lewens nodig het?

Vrae vir bespreking:

1. Volgens Openbaring 18:4 is daar baie Godvresende mense in Babilon wat deur God as “my volk” aangespreek word. Dink na oor die volgende aanhaling: “Hierdie boodskap moet verkondig word, maar terwyl dit verkondig word, moet ons versigtig wees om nie hulle wat nie die lig het wat ons het nie, te druk en te dwing en te veroordeel nie. Ons moet nie moedswillige harde aanmerkings teen Katolieke maak nie. Daar is baie Katolieke wat opregte Christene is, en wat in die lig wat op hulle skyn, wandel, en God sal vir hulle intree. Diegene wat groot voorregte en geleenthede gehad het, en wat gefaal het om hulle fisiese, verstandelike en sedelike kragte te verbeter, . . . is in groter gevaar en onder groter veroordeling voor God as hulle wat leerstellig foutter, maar wat daarvoor leef om aan ander goed te doen.” — Ellen G. White, *Evangelism*, bl. 575, (vrye vertaling). Wat behoort dit aan ons te sê oor hoe om teenoor ander op te tree?
2. Openbaring 17 beskryf ‘n prostituut wat op ‘n skarlakenrooi dier sit. Terwyl die vrou in hoofstuk 12 God se getroue kerk simboliseer, verwys die een in hoofstuk 17 na ‘n afvallige kerk wat die wêreld van God af weglok. Volgens jou siening, wat is die ooreenkomste en die verskille tussen hulle? Wat meer belangrik is, wat kan ons uit hierdie vergelyking leer?
3. Hierdie week se teksverse skilder ‘n baie somber toestand van die godsdienstige en politieke wêreld gedurende die finale stadia voor Christus se seëvierende wederkoms. Wat behoort dit aan ons te sê oor hoekom dit so belangrik is om nou getrou, opreg en heilig te bly aan die boodskap wat God aan ons gegee het? Lees Openbaring 16:15 wat te midde van die wêreldwye afvalligheid wat net voor hierdie teks uitgebeeld word, ‘n oproep maak om getrou te bly. Hoe kan ons hierdie waarskuwing nou op onself toepas?